Goeie nuus om te bely. Die Belydenis van Belhar en die pad van aanvaarding deur Johan Botha en Piet Naudé
Uitgewer: Bybel-Media
Prys: R119
Omslag: Sagteband
Bladsye: 208
Resensent: Pieter van Niekerk

Dié boek hou eenheid op kerkagenda

Gereformeerde belydenisvorming kan nooit as afgehandel beskou word nie.

Nuwe belydenisskrifte is altyd nodig wanneer daar verkeerd oor God gepraat word en die kerk dit nodig ag om nuut te bely en die verkeerde sienings oor God reg te stel.

Die Belydenis van Belhar is 27 jaar oud. "Belhar het 'n droogte van ongeveer 300 jaar in die gereformeerde kerke van Nederlandse oorsprong verbreek. Dit is moontlik één rede waarom dit soveel debat en emosie ontlok. Ja, so iets gebeur nie aldag nie!" skryf Johan Botha en Piet Naudé in *Goeie nuus om te bely*. Dié boek met 'n moderne baadjie is hulle hersiene en bygewerkte boek van 12 jaar gelede.

Sedertdien het die debat oor Belhar onverpoosd voortgeduur. Vier bykomende hoofstukke vertel van die reaksie op Belhar in verskeie kringe.

Afgesien van 'n omvattende verduideliking van die inhoud van die Belydenis van Belhar, laat val Botha en Naudé die lig op positiewe en hoopvolle gebeure op die pad wat tot dusver met Belhar geloop is. Uiteindelik gee hulle perspektiewe oor wat vorentoe kan (en moet) gebeur.

Goeie nuus om te bely daag gelowiges uit om na te dink oor Belhar en toon die relevansie daarvan vir die hedendaagse kerk. Die Verenigde Protestantse Kerk in België het reeds in 2001 Belhar ten volle as belydenis ervaar. Ironies genoeg word Belhar wêreldwyd teologies ernstig geneem.

Die boek se taalgebruik is gemaklik, die liturgiese elemente daarin verrykend, maar ek is nie so seker of die skrywers kan sê dit is nie 'n akademiese publikasie nie.

Die boek is histories deeglik nagevors. Ek beskou die ekklesiologiese en etiese diskoers in die boek as uiters relevante en noodsaaklike gereformeerde teologie.

Dominees wat Belhar se goeie nuus as minderwaardig beskou en as belydenis ondergeskik verklaar, behoort dié boek te lees. Diegene wat Belhar as 'n polities en sentimentele dokument verskraal en op sy ontstaansbaadjie takseer, behoort hulle vooroordele te ondersoek. Karl Barth skryf: "Wie 'n belydenis op sy ontstaangeskiedenis beoordeel, sal altyd 'n rede vind om nie die saak van die belydenis te onderskryf nie".

Dit is noodsaaklik dat plaaslike kerkleiers kerkhereniging en die ontvangs van Belhar voortdurend kreatief en gelowig op die agenda hou. Hiertoe kan hierdie boeiende publikasie as reisgenoot dien.

In sy voorwoord wonder Russel Botman of Belhar nie eendag onthou sal word as die evangeliewoord wat te vroeg was vir sy geslag nie, maar uiteindelik deur die volgende geslag gelowiges met vreugde uitgeleef is.

Miskien het die boek te min stories van hoop waar gewone lidmate Belhar omhels en lyf gee. En ek wonder of die skrywers genoeg aandag aan die millennium-drie-tydgees gee. Moderne gelowiges is meer geneig om 'n goeie lewe te lei as om vir 'n regte belydenis te stry.

Goeie nuus om te bely is 'n waardevolle boek oor die Belydenis van Belhar en die pad van aanvaarding. Bybel-Media verdien groot dank vir die uitgee daarvan.

"Wie 'n belydenis op sy ontstaansgeskiedenis beoordeel, sal altyd 'n rede vind om nie die saak van die belydenis te onderskryf nie." – *Karl Barth*

BM BYBEL-MEDIA
Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**
e-aankope: **www.bybelmedia.co.za**
GEEN POSGELD NIE